

HOOFSTUK 11

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Ter samevatting word in hierdie hoofstuk kortliks verwys na die verskillende aspekte van die veld van ondersoek wat met hierdie studie g dek is. Die algemene agtergrond en hipotese word nagegaan en daar word verwys na die verskillende beskouinge oor die leeshandeling, die manifestasie van leesprobleme en die oorsake van leesprobleme. Daar word verwys na die funksie van die gesin as opvoedingsinstansie by leesprobleme en die vorming van die leesvertraagde leerling se persoonlikheid en sy selfkonsep. Die diagnose van leesprobleme sowel as die ortopedagogiese optrede ten opsigte daarvan sal kortliks aandag ontvang. Die oorsig oor die empiriese ondersoek, doel van die ondersoek, metode van ondersoek en die beskrywing van toetse wat gebruik is, word kortliks saamgevat. Daarna volg 'n kort beskrywing van die ondersoekgroepe, die eerste evaluering en die hulpverlening. 'n Samevatting van die resultate van die ondersoek word aangebied voordat die resultate vertolk word. Ten slotte volg 'n aantal aanbevelings na aanleiding van hierdie studie.

11.1 PROBLEEMSTELLING

Dit het die ondersoeker in die praktyk opgeval dat sommige leerlinge wat remedi rende leesonderrig ontvang het, op 'n latere stadium, nadat die remedi rende leesonderrig gestaak was, weer na die skoolsielkundige klinieke verwys is vir dieselfde probleem (vgl. par. 1.1).

Die oorsake van hierdie tendens kan legio wees, maar sommige daarvan kan aan die volgende oorsake toe te skryf wees;

- (i) ongunstige huislike omstandighede (vgl. par. 3.4 en 3.5), sekere persoonlikheidstrekke (vgl. par. 3.6) en opvoedkundige probleme (vgl. par. 3.3.3);
- (ii) ongunstige ouer-kindverhoudings (vgl. par. 4.5.6.2);
- (iii) angs by die ouer en die kind;
- (iv) swak selfkonsep van die leesvertraagde (vgl. par. 3.8) asook die feit dat hulle
- (v) nie voldoende waardes verkry deur lees nie en daar gebrekkige leeshoudings en -vaardighede by dié leerlinge teenwoordig is (vgl. par. 1.1.v).

11.2 DOELEINDES VAN DIE STUDIE

11.2.1 Doel van die ondersoek as geheel

Die algehele doelstelling van hierdie studie in geheel is om leesvertraagde leerlinge se leesvlak oor die langtermyn te verbeter deur slegs aan die ouers individuele voorligting te gee, sonder dat die leerlinge remediërende leesonderrig of voorligting ontvang (vgl. par. 1.2).

11.2.2 Doeleindes van die empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek was om deur middel van terapeutiese onderhoude met die ouers van twee groepe leesvertraagde leerlinge

- (i) die verband tussen sekere persoonlikheidsfaktore en die ontstaan van leesvertraagd-

- heid te probeer peil (vgl. par. 6.2.1);
- (ii) gesonde ouer-kindverhoudings daar te stel (vgl. par. 6.2.2);
 - (iii) vas te stel of die ouers by magte is om die emosionele probleme van hul leesvertraagde kinders te verbeter (vgl. par. 6.2.3);
 - (iv) die selfkonsep van dié leerlinge te verbeter (vgl. par. 6.2.4) en
 - (v) die waardes wat die leerlinge deur lees verkry te verbeter en om verbeterde lees-houdings en -vaardighede te bewerkstellig.

11.3 DIE LEESHANDELING

Die korrekte ontwikkeling van die leeshandeling is van die uiterste belang vir die ontwikkelende kind en is in baie gevalle die bepalende faktor in die kind se vordering op skool. Die noodsaaklikheid van lees (vgl. par. 2.2.1) kan kortliks saamgevat word:

- (i) dis die sleutelvak wat die basis van alle opvoeding vorm;
- (ii) dis nodig om 'n praktiese doel te bereik soos die slaag van 'n toets;
- (iii) dit verbeter die selfbeeld;
- (iv) dit versterk houdings;
- (v) dis 'n plaasvervanger vir emosionele ondervindinge;
- (vi) dit verskaf ontvlugting.

Daar is amper net soveel sienings oor wat "lees" is, as

wat daar skrywers is (vgl. par. 2.2.2). Samevattend uit die literatuur kan daar gesê word dat lees die betekenisvolle interpretasie van geskrewe of gedrukte verbale simbole is. Lees is nie slegs 'n deel van taal nie, maar dit is taalhandeling self. Die lees-handeling is 'n gekompliseerde proses waarin die herkenning en begrip van geskrewe simbole beïnvloed word deur die perseptuele vermoë, ontsyferingsvermoë, ondervinding, die taalagtergrond, psigologiese prosesse en die redeneervermoë van die leser. Die lees-handeling sluit dan baie meer in as die blote herkenning van woorde en is 'n vermoë wat sekondêr uit ander funksies opgebou word.

Lees is 'n handeling wat die totale persoonlikheid insluit (vgl. par. 2.3). Die lees-handeling kan nie beskou word as 'n geïsoleerde handeling nie, maar dit vorm 'n integrale deel van die taalontwikkeling van die kind. Die lees-handeling kan uiteraard nie geskei word van denke, begripsvorming, innerlike spraak en waarneming nie en kan nie op sigself daarsonder bestaan nie.

Lees is hoofsaaklik 'n visuele vermoë met gebruikmaking van die hoër verstandelike prosesse en daar vind persepsie, herkenning, begripsvorming, seleksie, evaluasie, terugroeping, organisasie en bewaring plaas.

Die vermoë om te leer lees inkorporeer die ouditiewe en visuele funksies wat nie skeibaar is nie. Die ouditiewe taal gaan lees en skryf filogeneties sowel as ontogeneties vooraf (vgl. par. 2.3.3.1).

Daar is gewys op die belangrikheid van die voorskoolse kind se taalontwikkeling en in watter mate dit die aanleer van die leeshandeling kan beïnvloed (vgl. par. 2.4), veral omdat taal 'n geestesvermoë is wat geneties bepaal word.

Aangesien die aanvangsleesmetodes 'n noodsaaklike basis vir die leeshandeling vorm, is sommige van die basiese aanvangsleesmetodes bespreek soos die sintetiese, die analitiese, die globaal-analise-sintese-aanvangsleesbenadering, die i.t.a., woorde in kleur en ander van die jongste metodes op hierdie gebied.

11.4 LEESPROBLEME EN DIE DIAGNOSERING DAARVAN

Die ondersoek na die oorsake van leesprobleme is uiters kompleks, want die leesprobleme van leesvertraagde leerlinge staan nie los van hulle persoonlikhede en kontak met die omgewing nie en daar vind gedurigdeur interaksie plaas tussen die verskillende oorsake van leesvertraging.

In hoofstuk 3 is 'n oorsig gegee van die belangrikste beskouings oor leesprobleme, omdat dit die evaluering, diagnose en remediëring van leesprobleme beïnvloed.

Die voorkoms van leesvertraging by die skoolkind word deur psigoloë en opvoedkundiges bepaal as variërend tussen 4% en 25% (vgl. par. 3.2.1). Die manifestasie van leesprobleme is duidelikheidshalwe ingedeel in die terreine van ouditiewe diskriminasie (vgl. par.

3.2.2.2.1), gehoorskerte (vgl. par. 3.2.2.2.2),
auditiewe geheue (vgl. par. 3.2.2.2.3) en visuele
probleme (vgl. par. 3.2.2.3).

Die moontlike oorsake van leesprobleme (vgl.
par. 3.3) is bespreek onder die volgende kategorieë:
kognitiewe faktore, intelligensie en leesvaardigheid,
swak oog-hand-koördinasie, neurologiese,
opvoedkundige en emosionele faktore.

Vanweë die integrale plek wat die gesin as opvoedings-
instansie inneem en die belangrike klem wat op die
gesin geplaas is in die praktiese deel van die
ondersoek, is daar veral aandag gegee aan die basiese
behoefte van 'n kind, naamlik fisiologiese behoeftes,
veiligheids-, erkennings- en die behoeftes aan toe-
behoorigheid en die behoefte tot selfverwesening
(vgl. par. 3.5). Verdere aandag is gegee aan
die unieke struktuur van die gesin waar die intieme
verhoudinge binne die gesin gebaseer is op gesag,
liefde en gehoorsaamheid (vgl. par. 3.4.2.2).
Die gesin is primêr omdat dit 'n natuurlike
samelewingsverband is, dit is die vormingsplek
van elke individu na liggaam en siel en die gesin
kan beskou word as die eerste leerskool waar die
ken-, gesels- en strewingslewe geoefen en gevorm
word (vgl. par. 3.4.2.3). Die biologiese,

ekonomiese, sosiale en opvoedende funksies (vgl. par. 3.4.3) van die gesin beklemtoon die uniekheid daarvan en die invloed wat dit op die leesvermoë van 'n leerling kan hê.

Die persoonlikheid van 'n individu word onder andere beïnvloed en gevorm deur sy aanraking met die sosiale omgewing, die aandeel van sy ouers, gesinslede, onderwysers en maats. Die invloed wat bogenoemde faktore op die vorming van die persoonlikheid uitoefen, beïnvloed die leersituasie van die kind (vgl. par. 3.7).

Die vorming van die leesvertraagde leerling se self-konsep (vgl. par. 3.8) speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling van sy leesvermoë. Die leesvertraagde leerling sien hom nie alleen as 'n swak leser nie, maar ook as 'n swak persoon en voel sy leesvertraging as 'n persoonlike mislukking aan.

Om 'n leesprobleem te diagnoseer, impliseer deeglike kennis van wat gediagnoseer word - om 'n analise te maak van die veroorsakende faktore van die leesprobleem. Om te kan diagnoseer moet feite en besonderhede versamel word.

In hierdie ondersoek was die diagnose gerig op die ontstaan van die leesprobleem. Die diagnose sluit daarom tegnieke in wat poog om die verborge oorsake, foute en afwykings in die response van die leesvertraagde leerlinge te probeer vasstel. Om tot 'n diagnose te kan

kom behoort die ondersoeker grondige kennis van die psigologiese en opvoedkundige simptome van leesvertraging te hê. Daar word gewys op die mees algemene foute wat leesvertraagde leerlinge maak en die belangrikheid om kennis te besit van die verskillende metodes waardeur 'n diagnose van hierdie foute gemaak kan word.

Die diagnostiese tegnieke om die volgende te bepaal, is bespreek: intelligensie en leesvertraging, taal en psigolinguïstiese vermoë, persepsie, uiterlik waarneembare tekens, diagnostiese informasie van die "Graded Vocabulary Test", neurologiese faktore en kulturele faktore.

11.5 ORTOPEDAGOGIESE OPTREDE BY LEESVERTRAGING

Daar is kortliks stilgestaan by ortopedagogiese hulpverlening. Twee aspekte is onderskei, naamlik ortodidaktiese en ortopedagogiese optrede.

By die ortodidaktiese hulpverlening is die algemene kenmerke van remediërende leesonderrig bespreek. Die belangrikste aspekte van remediërende leesonderrig is (vgl. par. 5.2.1.1):

- i) Diagnose van leesprobleme en remediërende leesonderrig behoort so vroeg as moontlik gedoen te word om verdere emosionele probleme te probeer uitskakel.
- ii) Indien nuwe probleme ontstaan, behoort die remediërende leesprogram sodanig gewysig te word dat hierdie nuwe probleme ook baat sal vind by die program.
- iii) Remediërende leesonderrig behoort begin te word met dit wat die leerling reeds ken en suksesvol

bemeester het en die program behoort opgestel te word om by elke individuele leerling se persoonlike behoeftes aan te pas.

- iv) Die leerling behoort deurgaans sodanig gemotiveer te word dat hy belangstelling behou.
- v) Die remediërende onderwyseres behoort oor spesifieke eienskappe te beskik.
- vi) Diagnose en remediëring van leesprobleme behoort volhardend en interdissiplinêr te wees.
- vii) Taalontwikkeling behoort by die program ingesluit te word.
- viii) Metodes en tegnieke behoort gekies te word na aanleiding van die diagnose.
- ix) Vorderingsverslae behoort opgestel te word.
- x) Klem behoort ook te val op die verhouding tussen die remediërende onderwyseres en die leerling.
- xi) Samewerking met die gesin is onontbeerlik.

Van die belangrikste probleme wat by remediërende leesonderrig in Natal ondervind word, is die feit dat kinders slegs twee maal per week vir ongeveer 'n halfuur elk remediërende leesonderrig ontvang (vgl. par. 5.2.1.2).

'n Basiese remediërende leesprogram behoort gebaseer te word op:

- i) individuele aandag;
- ii) korrekte houding en ingesteldheid van die onderwyseres;
- iii) gebruik van materiaal wat betrekking het op die belangstellings en motiewe van die kind;
- iv) die seleksie van die metode wat die beste by die kind se spesifieke probleme pas; en
- v) kort, maar daaglikse herhaalde remediërende lesse

van 'n sistematiese aard.

Remediërende onderrig in leesvaardighede behoort aan onder andere die volgende aandag te gee:

- i) verbetering van die leesgereedheidsvlak. (vgl. par. 5.2.2.2);
- ii) onderrig van die taalaspekte (vgl. par. 5.2.2.3);
en
- iii) die onderrig van lees (vgl. par. 5.2.2.4) in al sy aspekte.

Daar is ingegaan op die wese van die ortopedagogiese hulpverlening (par. 5.4.2), die doel van die onderhoud (vgl. par. 5.4.3.1) en die probleemstelling (vgl. par. 5.4.3.2). Aandag is gegee aan drie van die belangrikste benaderingswyses van onderhoudvoering, naamlik die direkte (vgl. par. 5.4.3.3.1), die nie-direktiewe (vgl. par. 5.4.3.3.2) en die gekombineerde of eklektiese benaderingswyse (vgl. par. 5.4.3.3.3).

11.6 METODE VAN ONDERSOEK

Die doel (vgl. par. 6.2.1 tot 6.2.8) van die empiriese ondersoek was die daarstelling van gesonde ouer-kindverhoudings, die ontwikkeling van leeshoudings en -vaardighede en om die selfbeeld van leesvertraagde leerlinge deur middel van individuele voorligting aan hul ouers te verbeter. Vir die doel van hierdie ondersoek is 'n leesvertraging van twee jaar of meer en 'n leeskwosient van onder 90 as 'n ernstige leesvertraging aanvaar.

In die ondersoek (vgl. par. 6.3.1 tot 6.3.13 en 7.2 tot 7.5) is daar van die volgende toetse gebruik gemaak :

- i) NSAG (Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets)
- ii) NSAIS (Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal)
- iii) Die "Burt rearranged word reading test"
- iv) CPQ ("The Children's Personality Questionnaire")
- v) HABGT ("The Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test")
- vi) "Draw-a-family" projektiewe tegniek
- vii) Die "Bristol Social Adjustment Guides" waarvan slegs van die "Child in school" en "The child-in-the-family Guide" gebruik gemaak is.

Die kinders is in drie groepe van 20 elk verdeel (vgl. par. 6.3.6). Van hierdie groepe het die ouers van groep A individuele voorligting ontvang, terwyl die kinders geen hulp ontvang het nie. Die ouers van groep B het ook individuele voorligting ontvang, terwyl die kinders remediërende leesonderrig ontvang het. Die ouers van die kinders van groep C het geen hulp van enige aard ontvang nie, terwyl die kinders remediërende leesonderrig ontvang het.

Die ouers van groepe A en B het voorligting vir 'n tydperk van 'n jaar ontvang, terwyl die

kinders van groepe B en C remediërende lees-
onderrig vir dieselfde tydperk ontvang het
(vgl. par. 6.3.8 en 6.3.9 en hoofstuk 9).

Die kinders van die drie groepe is drie keer
geëvalueer met bogenoemde toetse (vgl. par.
6.3.4, 6.3.10 en 6.3.12). Die doel van die
eerste evaluering was:

- i) om 60 kinders uit te soek wat twee jaar
of meer leesvertraagd is;
- ii) om die 60 kinders in ekwivalente groepe
A, B en C te plaas sodat elke groep uit
20 leerlinge bestaan;
- iii) om die volgende gegewens te verkry wat
met die resultate van die tweede en der-
de evaluering vergelyk kan word : lees-
ouderdom, leesverwagtingsouderdom, lees-
kwosiënt en die verwagte leeskwosiënt
(vgl. par. 8.7 en 10.3); en
- iv) om agtergrondgegewens te verkry vir
onderhoude met die ouers.

Die leesvordering van die drie groepe
is met mekaar

vergeelyk op grond van die tweede en derde
evaluering (vgl. par. 10.3). Op grond van
hierdie statistiese tegnieke is groepe A, B en
C se leesouderdom vir die drie evalueringe met
mekaar vergeelyk (vgl. par. 10.3.2). Op die-
selfde wyse is vergelykings gemaak tussen die
verwagte leesouderdomskwosiënt (vgl. par.

10.3.3) en die leeskwosient (vgl. par. 10.3.4). In terme van hierdie ondersoek beteken dit dat bepaal kon word of groepe A en B beter leesvoordering getoon het as groep C. Die .

hipotese wat getoets is, is dat voorligting aan ouers van leesvertraagde leerlinge die leesvertraagde leerlinge se leesvermoë verbeter en dat hierdie verbetering beter is as die leesverbetering van die leerlinge van groep C wat slegs remediërende leesonderrig ontvang het.

Die ontleding van die "Children's Personality Questionnaire" is volgens die onderskeie faktore gedoen en die resultate van die drie evalueringe is met mekaar vergelyk om vas te stel of daar enige verbetering by enige van die drie groepe ingetree het (vgl. par. 10.3.6.2). Daar is gepoog om vas te stel watter faktore bydra tot leesverbetering by die onderskeie groepe.

Die vergelyking van die resultate van die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" by die drie evalueringe is volgens die "Adience-Abience"-skaal gedoen om die perseptuele "approach-avoidance"-gedrag van die leesvertraagde leerlinge te bepaal en indien moontlik om vas te stel watter faktore vir die leesvertraging verantwoordelik is (vgl. par. 10.3.6.3).

Die ontleding en vergelyking van die drie evalueringe van die "Draw-a-family"-tekentoets is volgens die Emosionele Aanwysings volgens die Koppitz-metode (Koppitz, 1969, p.35-75; vgl

par. 10.3.6.4.2) gemaak. Standaardtellings, kwaliteitskaaltellings en persentielrange is vanaf die routellings verkry volgens die Harris-metode (Harris, 1963, p.293-311; vgl. par. 10.3.6.4.3).

Die ontleding en vergelyking van die twee gidse "The child in school" en "The child in the family" van die "Bristol Social Adjustment Guides" is van al drie groepe gemaak en die drie evaluerings is vergelyk.

By die "Child in school" is die gemiddelde tellings van die kernsindrome op die onder- en oorreaktiewe gedrag en totale telling van die drie groepe met die resultate van die tweede en derde evaluerings vergelyk (vgl. par. 10.3.6.5.2).

By die gids "The child in the family" is die ontleding van die resultate van die drie evaluerings vir kompartemente A en B apart gebruik. Kompartement A bepaal die hoeveelheid en ernstigheid van die ongunstige faktore in die leesvertraagde kinders se situasie, met ander woorde die invloed wat op die kinders uitgeoefen word. Kompartement B meet die kinders se reaksies binne die huis, met ander woorde die graad waartoe die kinders wys dat hulle deur die gesinsomstandighede geaffekteer word (vgl. par. 7.6.2; 8.7.10.3 en 10.3.6.5.3).

Die nadelige elemente in die gesinsituasie by

kompartement A is die moeder se houding teenoor die kind en die vader se houding teenoor die kind (vgl. par. 10.3.6.5.3b). Die kind se reaksie teenoor die gesinsituasie word weer-spieël in die

- i) kind se houding teenoor die moeder;
- ii) kind se houding teenoor die vader;
- iii) kind se algemene gesinsonveiligheid; en
- iv) spanningsimptome by die kind (vgl. par. 10.3.6.5.3 b).

'n Ontleding is ook gemaak van die persentasie somatiese probleme wat by die kinders aanwesig is (vgl. par. 10.3.6.5.3 b).

Die drie groepe leesvertraagde kinders se skoolvordering (vgl. par. 8.7.11 en 10.3.6.6) is ook ontleed.

11.7 INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKINGS

7.1 Inleiding

In hierdie paragraaf word die resultate van die ondersoek geïnterpreteer en gevolgtrekkings word van die leesverbetering en die emosionele "verbetering" van die onderskeie groepe gemaak.

Die interpretasie van die resultate en gevolgtrekkings wat van typerke 1 en 2 gemaak is, word as 'n geïntegreerde geheel aangebied.

By die interpretasie van die resultate en die gevolgtrekkings wat gemaak word, moet daar in gedagte gehou word dat dit eksplisiet net vir hierdie onder-

soek geld en dat dit waarskynlik nie op die universon van toepassing gemaak kan word nie.

11.7.2 Die interpretasie van die resultate en die gevolgtrekkings wat daaruit voortspruit

By die bestudering van die resultate blyk dit dat die ondersoek die gestelde doeleindes soos volg bereik het :

- (i) Volgens die evaluering het groep A (slegs voorligting aan die ouers) en groep B (voorligting aan die ouers en remediërende leesonderrig aan die leerlinge) 'n leesverbetering van onderskeidelik 3,6 en 3,5 jaar getoon teenoor die leesverbetering van 1,11 jaar van groep C (geen hulp aan die ouers of die leerlinge nie) (vergelyk Lvb 1 in tabel 10.1). Volgens die evaluering van die leesvermoë van groepe A, B en C na die tweede tydperk (waar geeneen van die drie groepe enige hulp ontvang het om hulle leesvermoëns te verbeter nie), blyk dit dat groep A 'n algehele leesverbetering van 3,3 jaar oor die hele tydperk van een jaar en nege maande getoon het. Groep B se leesvermoë het gedaal tot 3,3 jaar, met ander woorde 'n daling van twee maande (vergelyk par. 10.3.2). Oor die periode van een jaar en nege maande was groep C se leesverbetering slegs 1,3 jaar en was hulle nog steeds een jaar leesvertraagd (vergelyk par. 10.3.2 en tabel 10.1).

Aan die einde van die eerste tydperk het groep A se leesverwagtingskwosiënt (L verw. K) gestyg vanaf 72,58 tot 98,70 en aan die einde van die tweede tydperk het dit weer gedaal tot 97,45 (benader - vergelyk par. 10.3.3). Gedurende dieselfde tydperke het groep B se L verw. K gestyg tot 99,19 en aan die einde van die tweede tydperk het dit gedaal tot 97,8 (benader - vergelyk par. 10.3.3). Groep C se L verw. K het aan die einde van die eerste tydperk gestyg vanaf 72,21 tot 87,38 en aan die einde van die tweede tydperk weer gedaal tot 82,87 (benader - vergelyk par. 10.3.3).

Gedurende die eerste tydperk het groep A se leeskwosiënt (LK) gestyg vanaf 80,07 tot 108,86 en aan die einde van die tweede tydperk weer gedaal tot 107,55 (vergeelyk par. 10.3.4). Groep B se LK het in die eerste periode gestyg vanaf 80,4 tot 109,2 en aan die einde van die derde periode weer gedaal tot 107,65 (vergeelyk par. 10.3.4). Groep C se LK het aan die einde van die eerste periode gestyg vanaf 80,38 tot 97,33 en aan die einde van die tweede periode gedaal tot 92,33 (benader - vergelyk par. 10.3.4).

Volgens hierdie resultate wil dit voorkom asof die resultate van groep A effens beter is as dié van groep B. Hierdie aanname kan vermoedelik gemaak word weens die feit dat 'n groot mate van leesvertraging te wyte kan wees aan emosionele probleme wat hulle oorsprong in die huislike omgewing het. 'n Verdere aanname kan wees dat die leerling wel

kan lees, maar dat baie van die prosesse wat te doen het met die leeshandeling geblokkeer word as gevolg van die emosionele probleme wat sy oorsprong in die huislike milieu het. Die leerling "weier" in werklikheid om te lees, omdat hy vermoedelik die ouers se aandag op hom wil vestig. Om die aandag op hom te vestig, gebruik hy die verkeerde taktiek en veroorsaak nog meer emosionele probleme en ontdek in die proses self meer emosionele probleme. Vermoedelik was die vordering van groep B se leerlinge swakker as dié van groep A omdat die leerlinge én die ouers van groep B nog onbewus op die formele remediërende leesonderrig steun en daarom minder ingestel is op die ouers se taak alleen.

Volgens hierdie resultate blyk dit dat die twee groepe van wie die ouers individuele voorligting (groepe A en B) ontvang het, hulle verbeterde leesvermoë beter behou nadat hulp gestaak is as dié groep (groep C) waar slegs die kinders remediërende leesonderrig ontvang het. Die logiese gevolgtrekking wat hieruit voortvloei, is dat die langtermynverbetering van hierdie gevalle waar die ouers voorligting ontvang het, baie beter is as by die groep waar slegs die kinders remediërende leesonderrig ontvang het.

Volgens hierdie ondersoek kan dus gestel word dat remediërende leesonderrig min langtermynleesverbetering aan die leerlinge van groepe B en C verskaf het. Aan die ander kant toon die ondersoek dat voorligting aan die ouers van die leesvertraagde

leerlinge van groepe A en B 'n goeie metode is om langtermynleesverbetering te bewerkstellig (verge-lyk par. 10.3.6.4.3).

Uit die resultate van hierdie ondersoek kom dit verder voor asof remediërende leesonderrig in werklikheid nie die leesvermoë van groep C se leesvertraagde leerlinge na 'n jaar remediërende leesonderrig op 'n vlak kon plaas waar die leesvermoë gelykstaande is aan die leerlinge se chronologiese ouderdom nie. Aan die ander kant het die voorligting aan die ouers van groepe A en B wel daarin geslaag om die leesvertraagde leerlinge se leesvermoë op 'n peil bokant hulle chronologiese ouderdom te plaas. Hierdie aanname sluit faktore soos breinbesering of -disfunksie as oorsaak van leesvertraging uit.

Op grond van hierdie ondersoek kom daar veral drie vrae by die ondersoeker op :

- a) Word daar nie te veel waarde geheg aan remediërende leesonderrig op die basis van twee halfuurlesse per week nie?
- b) Is dit die moeite en onkoste werd dat remediërende onderwyseresse meer as een skool per dag besoek om remediërende leesonderrig aan leesvertraagde leerlinge te verskaf?
- c) Is leesvertraging nie méér 'n emosionele probleem as enigiets anders nie?

- (ii) 'n Doelstelling van die empiriese ondersoek was om die verband tussen persoonlikheidsfaktore en leesvertraging te probeer peil (vergelyk par. 6.2.1 en 11.2.2).

Volgens hierdie ondersoek het die totale persoonlikheid van die drie groepe leesvertraagde leerlinge nie verander nie, maar daar het slegs wysigings van sekere faktorpatrone ontstaan (vergelyk par. 10.3.6.2.3).

Die leerlinge van groepe A en B, van wie die ouers voorligting ontvang het, het vanaf siklotimiese na skisotimiese persoonlikhede verander. Die leerlinge van groep C (wat slegs remediërende leesonderrig ontvang het) het siklotimiese persoonlikhede gebly (vergelyk par. 11.7.2.3.i). Hierdie verandering in die twee groepe se persoonlikhede mag moontlik toe te skryf wees aan 'n beter abstraheringsvermoë wat hulle ontwikkel het (vergelyk par. 10.3.6.2.4 en 10.3.6.3.2.k).

Die leerlinge wie se ouers voorligting ontvang het (groepe A en B), het emosioneel meer volwasse geword en hulle laat nie toe dat emosionele behoeftes die werklikheid van 'n situasie vertroebel nie. Hierdie leerlinge se egosterkte het verbeter en hulle is verder ook emosioneel meer stabiel en meer volwasse. Groep C se leerlinge (slegs remediërende onderrig) daarenteen het emosioneel onvolwasse gebly (vergelyk par.

10.3.6.2.6; 10.3.6.2.10; 10.3.6.3.2.j en 10.3.6.4.2.a).

Persoonlikhede van groepe A en B se leerlinge het verander vanaf 'n prikkelbare na 'n flegmatiese temperament. As gevolg van individuele voorligting was die ouers in staat om die prikkelbaarheid by hulle kinders te verminder. Slegs deur middel van remediërende leesonderrig (groepe C) alleen kon daar nie daarin geslaag word om die leerlinge se prikkelbaarheid te laat afneem nie (vergelyk par. 10.3.6.2.7).

Die voorligtingsgroepe (A en B) se leerlinge neig meer na onderdanigheid, afhanklikheid, bedagsaamheid en ekspressiwiteit as die groep (C) wat slegs remediërende leesonderrig ontvang het (vergelyk par. 10.3.6.2.8).

Die leerlinge van groep C, wat slegs remediërende leesonderrig ontvang het, toon 'n beduidende korrelasie met vroulikheid, terwyl die leerlinge wie se ouers voorligting ontvang het (groepe A en B), dit nie toon nie (vergelyk par. 10.3.6.2.12).

Die feit dat die leerlinge van groep C groter vroulikheid toon as die leerlinge van die twee voorligtingsgroepe, kan moontlik nie slegs aan ouerlike invloede toegeskryf word nie, maar moontlik ook aan die feit dat daar so baie klem geplaas word op vroulikheid in die onderwys, veral in die junior-en senior-primêre skole (Billar, In Davies, 1974, p. 32-43; Polardi, 1969, p. 370 -

374; Davis en Slobodian, 1967, p. 261 - 269; Carter, 1952, p. 218 - 228; Biber, Miller en Dyer, 1972, p.86; Sexton, 1969, p. 4 en 76 - 81; Stein, 1971, p. 219 -231).

Die voorligtingsgroepe (A en B) het, in teenstelling met groep C, 'n sterk selfsentiment ontwikkel wat volgens Madge en Du Toit (1975, p.46) toegeskryf kan word aan 'n harmonieuse en goedgesiplineerde huislike opvoeding (vergelyk par. 10.3.6.2.16). Dit kan, volgens hierdie ondersoek, heelwaarskynlik toegeskryf word aan die ouervoorligting.

Die twee voorligtingsgroepe (A en B) het 'n lae drangpeil ontwikkel en was meer ontspanne, rustig, ongefrustreerd en bedaard as voor die aanvang van die ondersoek. Groep C (remedierende groep) het daarenteen nog 'n neiging tot 'n hoë drangpeil behou. Remediërende leesonderrig kon dus nie alleen daarin slaag om 'n lae drangpeil by die leesvertraagde leerlinge te laat ontstaan nie (vergelyk par. 10.3.6.2.17).

Vermindering van aggressiwiteit het by die leerlinge van groepe A en B voorgekom maar nie by groep C nie (vergelyk par. 10.3.6.4.2.e).

Die leerlinge van groepe A en B se onsekerheid en hulpeloosheid het verminder (vergelyk par. 10.3.6.5.2.b).

Daar was 'n algehele verbetering ten opsigte van die algemene akademiese prestasie van die leerlinge van groepe A en B van wie die ouers individuele voorligting ontvang het, terwyl die leerlinge van groep C nog akademies swak presteer het (vergelyk par. 10.3.6.6).

Die ondersoek het dus voldoen aan die eerste doelstelling van die empiriese ondersoek (vergelyk par. 6.2.1 en 11.2.2.i).

iii) 'n Tweede doelstelling van die empiriese ondersoek, was die daarstelling van gesonde ouer-kindverhoudings (vergelyk par. 6.2.2 en 11.2.2.ii). Volgens die resultate van die ondersoek is daar deur middel van individuele voorligting aan die ouers van groepe A en B daaring geslaag om die volgende doelstellings te verwesenlik:

a) Daar het 'n veranderde houding by die ouers teenoor die kind ontstaan. Wat veral opmerklik was, was dat die vader liefdevoller en minder verwerplik teenoor die kind opgetree het (vergelyk par. 10.3.6.2.6; 10.3.6.2.13 en 10.3.6.5.3b). Die moeders van die leerlinge van groepe A en B aanvaar hulle kinders beter en verwerp hulle nie meer in dieselfde mate as voor die ondersoek nie (vergelyk par. 10.3.6.5.3b). By groep C wat slegs remediërende onderrig ontvang het, het daar geen noemenswaardige verbeterde ouer-

kindverhoudings ontstaan nie. Die voorligting aan die ouers van die voorligtinggroepe het hier heelwaarskynlik meegehelp om die veranderde houding by die ouers en veral by die vader, te bewerkstellig (vergelyk par. 10.3.6.2.13).

- b) Die sterk selfsentiment wat by die leerlinge van groepe A en B ontwikkel het, kan toegeskryf word aan die harmonieuse en goedge disciplineerde opvoedingsituasie wat deur die individuele onderhede aan die ouers bewerkstellig is. Hierdie opvoedingsituasie het nie by groep C voorgekom nie (vergelyk par. 10.3.6.2.16).
- c) Die kinders van groepe A en B se vyandige gevoel teenoor albei ouers het afgeneem, terwyl die leerlinge van groep C (slegs remediërende onderwys) baie min van hulle vyandige gevoel teenoor die ouers verloor het.

Die ondersoek het dus voldoen aan die empiriese doelstelling om verbeterde ouer-kindverhoudings daar te stel deur slegs individuele voorligting aan die ouers van leesvertraagde leerlinge (vergelyk par. 6.2.2 en 11.2.2.ii).

- iv) Die derde doelstelling van die empiriese ondersoek, was die peiling van die ouers se vermoë om hulle kinders se emosionele probleme te verminder.

Volgens die resultate is daar gevind dat die leerlinge van die twee voorligtingsgroepe egosterkte ontwikkel teenoor die egoswakheid van die remediërende groep. Volgens die interpretasie van die resultate (vergelyk par. 10.3.6.2.6) kan die volgende faktorpatrone aan die leerlinge van groepe A en B toegeken word: emosioneel volwasse, stabiel, kalm, laat nie toe dat emosionele behoeftes die werklikheid van die situasie vertroebel nie, pas aan by feite, bedaard, toon selfbeheersing wanneer probleme voorkom, bedagsaam, tevrede, ewewigtig, vry van neurotiese uitputting, prakties, logies, bestendig, opgeruimd, volhardend, pligsgetrou, betroubaar, vindingryk, nie impulsief in die uitdrukking van gevoelens nie en bestee relatief meer tyd en verstandelike inspanning aan werk. Die leerlinge van groepe A en B kan beskou word as kinders met 'n hoë egosterkte wat emosioneel stabiel en volwasse is. Hulle is realities omtrent die werklikheid en kalm. Groep C se leerlinge het nie hierdie eienskappe ontwikkel nie. Die verbetering van die emosionele aspek van die leerlinge van groepe A en B kan veral toegeskryf word aan die veranderde gesindheid en liefdevoller houding van die vader teenoor die kind (vergelyk par. 10.3.6.2.6).

As gevolg van die voorligting aan die ouers kan die leerlinge van groepe A en B bevry word van hulle perseptuele probleme (vergelyk par.

10.3.6.3.2g en 10.3.6.3.2.j). Die perseptuele probleme was vermoedelik meer van 'n emosionele aard. Hierdie leerlinge was ook in staat om psigiese blokkering in 'n groot mate uit te skakel (vergelyk par. 10.3.6.3.2.h). Die gevolg was dat rotasieprobleme by die leesvertraagde leerlinge van die voorligtingsgroepe (A en B) uitgeskakel is.

Die voorligtingsgroepe was na die afhandeling van die ondersoek meer ontvanklik vir perseptuele stimulasie, en die neiging om weerstand te bied deur hulself van die buitewêreld te isoleer het heeltemal verdwyn. Daar kan verwag word dat hulle meer voordeel sal trek uit hulle opvoedkundig-kultureel-terapeutiese ondersoek as voor die aanvang van die ondersoek (vergelyk par. 10.3.6.3.2.n).

Somatiese probleme soos enurese, hoofpyn, chroniese pyn, swak koördinasie en swak spraak by die kinders van die twee voorligtingsgroepe het baie afgeneem in teenstelling met dié van die remediërende groep (vergelyk par. 10.3.6.5.3b).

Voor die aanvang van die ondersoek het al drie groepe passiwiteit, terugtrekking, onderdrukte vyandigheid en een of ander vorm van emosionele vyandigheid getoon. Na afloop van die ondersoek toon die voorligtingsgroepe groter verbetering as die remediërende groep (vergelyk par. 10.3.6.2.b).

Volgens die eerste evaluering van die "Draw-a-family"-tekentoets openbaar die drie groepe leesvertraagde leerlinge dat ernstige emosionele probleme teenwoordig is (vergelyk par. 8.7.8.4.2† 10.3.6.4.2.a). Aan die einde van die ondersoek was die leerlinge van groepe A en B in staat om meer emosionele probleme uit te skakel as die remediërende groep (c) en dit kan beskou word as van die redes waarom hierdie leerlinge se leesprobleme verbeter het (vergelyk par. 10.3.6.2.6; 10.3.6.2.12 en 10.3.6.3.2.b-k).

Die ondersoek het dus voldoen aan die empiriese doelstelling deurdat die individuele voorligting aan die ouers hulle in staat gestel het om baie van hul kinders se emosionele probleme te verminder (vergelyk par. 10.3.6).

- v) 'n Verdere doelstelling van die empiriese ondersoek was die peiling van dié mate waarin die ouers daarin kon slaag om die selfkonsep van die leesvertraagde leerlinge te kon verbeter.

Volgens 'n ontleding van die resultate blyk dit dat die leerlinge van die twee voorligtingsgroepe (A en B) 'n sterk selfsentiment ontwikkel het, terwyl die leerlinge van die remediërende groep hulle swak selfsentiment van vóór die ondersoek behou het (vergelyk par. 10.3.6.2.16). Daar is dus 'n neiging by die leerlinge van die twee voorligtingsgroepe tot sterk selfsentiment, selfbeheersing, 'n streng wilskrag, sosiaal-korrekte

optrede en 'n goeie selfbeeld.

'n Leerling se selfbeeld word belemmer as gevolg van steurings in die huis (vergelyk par. 3.6). Dié leerlinge se selfbeeld het vermoedelik verbeter as gevolg van verbeterde huislike omstandighede (vergelyk iv hierbo). Die verbeterde selfbeeld van die leerlinge van die voorligtings-groep kon bygedra het tot die verbetering van hulle perseptuele veld (vergelyk ii hierbo en par. 10.3.6.4.2.d), aangesien die selfbeeld die verwysingsraamwerk en die kern is vir die individu waaromheen die perseptuele veld georganiseer is (Purkey, 1970, p.7-13).

Daar kan gekonstateer word dat, as gevolg van die individuele voorligtingsprogram wat aan die ouers aangebied is, hulle daarin geslaag het om die leesvertraagde leerlinge van groepe A en B se selfkonsep te verbeter wat weer aanleiding kon gee tot hulle verbeterde leesvermoë (vergelyk hoofstukke 9 en 10). Dit het gelei tot die bereiking van die vierde doelstelling van die empiriese ondersoek.

vi) 'n Finale doel van die empiriese ondersoek is die peiling van die ouers se vermoë om hulle kinders wat leesvertraagd is te help om voldoende waarde deur middel van lees te verkry, soos byvoorbeeld:

a) om die kinders se lewens meer betekenisvol te maak deur ander se ondervindinge te ver-

- staan (vergelyk hoofstukke 9 en 10) en
- b) om hulle eie probleme beter te kan oplos en om hoër ideale, houdings en gedragspatrone te ontwikkel (vergelyk hoofstuk 10).

Die leerlinge van die twee voorligtingsgroepe het beter daarin geslaag om waarde deur lees te verkry as die remediërende groep volgens die ontleding van die resultate (vergelyk hoofstuk 10).

Volgens 'n ontleding van die resultate was die ouers van die twee voorligtingsgroepe beter in staat om hul leesvertraagde kinders se gebrekkige leeshoudings en -vaardighede te verbeter as wat die geval by die remediërende groep was (vergelyk hoofstuk 10). Die gebrekkige leeshoudings en -vaardighede wat verbeter het, is

- a) die uitskakeling van rotasieprobleme;
- b) die uitstakeling van perseptueel-motoriese probleme;
- c) die ontwikkeling van 'n beter vermoë tot abstrahering en sintetisering;
- d) die ontwikkeling van 'n neiging waardeur hulle meer waarde vanuit hul opvoedkundige omgewing verkry het, en
- e) die vermoë tot akkuraatheid in woordherkenning en om met begrip te lees (vergelyk hoofstuk 10). Hierdeur is daar voldoen aan die vyfde doelstelling van die empiriese ondersoek (vergelyk par. 1.1.v;

Daar kan derhalwe gekonstateer word dat met die ondersoek al die onderskeie doelstellings bereik is.

11.8 MOONTLIKE GEBREKE IN DIE ONDERSOEK

By 'n evaluering van die ondersoek en na aanleiding van die resultate van die empiriese gedeelte van die ondersoek, word op 'n aantal moontlike gebreke van die ondersoek gewys.

- 1) 'n Gebrek wat uit hierdie ondersoek blyk, is die feit dat die groepe slegs saamgestel is uit een deel van die bevolking, naamlik die hoë sosio-ekonomiese groep. Indien verteenwoordigende groepe uit die populasie saamgestel kon word, kon die resultate dalk heel anders daar uitgesien het, deurdat so 'n verteenwoordigende monster die resultate moontlik op verskeie wyses kon beïnvloed het. Kinders uit 'n swak kulturele omgewing kon moontlik so 'n swak taalvermoë hê dat dit moeilik sal wees om hulle leesvermoë op 'n hoër vlak te kry.
- 2) Indien daar van 'n meer verteenwoordigende monster van die bevolking gebruik gemaak word, kan die groepe vergroot word. Afstande en die tydsfaktor vir individuele voorligting aan die ouers sou hier egter groot probleme gelewer het.
- 3) Daar kon ook gebruik gemaak gewees het van 'n gevallestudie om individuele verskille te probeer vasstel. Dit kon die ondersoek doeltreffender gemaak het.

- 4) Om die werklike invloed van die langtermynvoordeel van die voorligtingsmetode en remediërende lees-onderrig vas te stel, behoort die tydperk vóór die derde evaluering veel langer as nege maande te wees.
- 5) Leerlinge met besliste breinbesering of -disfunksie kon ook by die drie groepe ingesluit gewees het.

11.9 AANBEVELINGS

Uit die teoretiese besinning wat in hierdie ondersoek gedoen is en op grond van die empiriese ondersoek wat daarop gevolg het, kan spesifieke aanbevelings gemaak word. Die implikasies van hierdie aanbevelings strek oor 'n besonder wye terrein - veral ten opsigte van die opvoedingsituasie by die huis en in die onderwys.

11.9.1 Aanbevelings ten opsigte van die huislike opvoedingsituasie

- 1) Vir die meeste beroëpe en professies is daar opleiding en/of studie nodig wat soms oor jare strek. Vir een van die allerbelangrikste beroëpe, naamlik dié van ouerskap en veral sy opvoedende taak, word egter aan bestaande en voornemende ouers min opleiding gebied. Hier word nie beweer dat geen ouer sonder opleiding sy taak suksesvol kan verrig nie, maar wel dat spesifieke opleiding in verband met die "beroep" of roeping om ouer te wees die ouer se taak kan vergemaklik. Dit behoort die taak van die Staat en v

private organisasies te wees om op 'n groter georganiseerde skaal die ouers en toekomstige ouers toe te rus vir hierdie Godgegewe roeping van hulle. Dit kan op velerlei wyses geskied: medies, opvoedkundig, psigologies, sosiologies en maatskaplik, departementeel aan universiteite en kolleges, deur welsynsorganisasies en skole, deur middel van lesings en besprekings op 'n gereelde grondslag. Die ouers behoort te besef dat die kind 'n gekompliseerde wese is wat op vele gebiede skade berokken kan word. Soms word die skade onwetend op psigiese sowel as fisiese gebied aangerig. Die gevolg kan wees dat die kind se algemene opvoedkundige en akademiese vorming in die besonder, erg benadeel word (vgl. hoofstuk 3).

- 2) Die ouers moet besef dat 'n nie-stimulerende kultureel-opvoedkundige klimaat van die huislike omgewing die algemene en intellektuele ontwikkeling van 'n kind nadelig kan beïnvloed. Ouers behoort die kultureel-opvoedkundige klimaat van die huislike omgewing so kerngesond as moontlik te maak, sodat dit prikkelend, ontwikkelend en stimulerend vir die ontwikkelende kinders kan wees.
- 3) Taalvaardigheid is een van die basiese voorwaardes vir die ontwikkeling van die kognitiewe aspekte en skolastiese vordering van die leerling (vgl. par. 2.4; 3.3.1; 3.3.3; 4.4; 10.3.6.5.2 & 10.3.6.2.4). Positiewe stappe

behoort deur ouers gedoen te word om die taalontwikkeling van hul kinders te laat ontplooi. Die ouers, en veral die moeder, se taalgebruik teenoor die baba, asook hulle latere taalgebruik is van groot belang by die taalontwikkeling van die kind. Leesbelangstelling behoort op allerlei wyses geprikkel te word.

- 4) Ouers behoort gestimuleer te word om hul kinders meer skoolgereed te maak.
- 5) Daar behoort nouer skakeling tussen die skool en die huis te wees. In baie gevalle word ouers ontmoedig om kontak met die skool te maak. Besoek van ouers aan die skool is essensiël; nie alleen op individuele basis nie, maar ook op 'n georganiseerde basis. Ouers behoort meer inligting te ontvang oor die basiese behoeftes van die kind, die waarde van lees, die waarde van goeie leesstof, die waarde van die ouer se belangstelling in die vordering van die kind en opvoedkundige stimulasie van die kind. Onderwyseresse behoort die ouerhuse te besoek om bekend te raak met die huislike omstandighede, om ouers in te lig oor sake rakende die opvoeding van hul kinders en om waar te neem hoe die kind by die huis reageer.
- 6) Ouers behoort aangemoedig te word om meer dikwels gebruik te maak van die skoolsielkundige dienste.
- 7) Ouers behoort te besef wat die belangrikheid

van liefde, sekuriteit en konsekwente optrede deur beide ouers is en hoedanig die kinders daardeur op verskeie terreine bevoordeel word.

8. Ouers moet nie deur hulle optrede bydra om hulle seuns te vervroulik nie.

11.9.2 Aanbevelings ten opsigte van die skool

- 1) Meer klem behoort op voorkoming as op genesing te val. Kinders behoort geëvalueer te word om te bepaal of hulle skoolgereed is. Kinders wat nie werklik skoolryp en skoolgereed is nie, behoort 'n jaar later skool toe te gaan. Aanvanklike onrypheid by die kind veroorsaak 'n sekere mate van agterstand wat soms moeilik, indien ooit, oorbrug word.
- 2) Aan die ander kant behoort begaafde kinders wat skoolryp en skoolgereed is, maar nog nie die minimum toelatingsouderdom bereik het nie, toegelaat te word om skool op 'n vroeër ouderdom as vyf en 'n half jaar by te woon.
- 3) Aangesien daar so 'n groot persentasie kinders is, veral seuns, wat leesprobleme ontwikkel, behoort 'n omvattende leesgereedheidsprogram by die aanvangsonderwys ingestel te word. Kinders kan selfs op 'n latere stadium eers leer lees.
- 4) Voornemende onderwysers behoort intensiewer opleiding te ontvang oor die leeshandeling (vgl. hoofstuk 2), leesprobleme (vgl. hoofstuk 3), diagnose van leesprobleme (vgl. hoofstuk 4)

en alle aspekte van remediërende hulp (vgl. hoofstuk 5).

- 5) Voorligting aan ouers om kinders te lei tot skoolgereedheid behoort op 'n georganiseerde wyse verskaf te word.
- 6) Voorligters behoort by alle P1- en P2-skole aangestel te word met die oog op die vroeë identifisering van leerlinge met probleme, soos aanbeveel deur die komitee vir gedifferensieerde onderwys (RGN, deel I, 1970, p.174).
- 7) Opgeleide remediërende onderwyseresse behoort by elke P1- en P2-skool aangestel te word, sodat leerlinge wat remediërende leesonderrig benodig, dit op 'n intensiewer wyse kan ontvang as twee halfuurlesse per week.
- 8) Leerlinge wat remediërende leesonderrig ontvang se ouers behoort terselfdertyd voorligting van skoolsielkundiges te ontvang. Daarvoor sal meer skoolsielkundiges aangestel moet word.
- 9) Maatskaplike werksters behoort aangestel te word om skole en skoolsielkundiges by te staan in dienste van 'n maatskaplike aard.
- 10) Vanweë die belangrikheid van taal as denk- en abstraheringsmedium (vgl. par. 2.3; 2.4; 2.5; hoofstuk 4; par. 10.3.6.5.2 & 10.3.6.2.4) moet besondere aandag aan die taalontwikke-

ling van die kind deur ouers, onderwysers, maatskaplike werksters, remediërende onderwyseresse ; skoolsielkundiges en selfs medici op voorskoolse en op skoolvlak gegee word.

- 11) Volgens die resultate van hierdie ondersoek behoort opvoedkundiges en sielkundiges te besef dat baie leesprobleme deur ouers uit die weg geruim kan word en hulle behoort ouers aan te moedig om hulle kinders self te help deur emosionele probleme so veel as moontlik uit te skakel.

11.9.3 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Enkele moontlike terreine vir verdere navorsing, soos uit hierdie studie voortgevloei het, word hier aangestip.

- 1) Aangesien die kinders wat remediërende onder- rig ontvang het en nie so goed gevorder het as die voorligtingsgroepe nie, 'n hoë korre- lasie met vroulikheid toon (vgl. par. 10.3.6.2.12 & 11.7.2.3 (6)), behoort hier- die tendens verder nagevors te word om vas te stel in hoe 'n mate dit 'n oorsaak van leesprobleme kan wees.
- 2) Die kinders wat in hierdie ondersoek gebruik is, kom almal uit een spesifieke deel van die bevolking. Kinders uit ander dele van die bevolking kan ook aan 'n soortgelyke onder- soek onderwerp word om vas te stel of daar verskille in die resultate is en indien wel,

wat die redes daarvoor is. Die ondersoek kan ook herhaal word met 'n meer verteenwoordigende groep.

- 3) Om die invloed van hierdie ondersoek op 'n langtermynbasis vas te stel, behoort die kinders wat deel gehad het aan die ondersoek oor 'n tydperk van jare opgevolg te word.
- 4) Die rol wat abstrahering in die ontwikkeling van die denke en taal speel, behoort verder nagevors te word.

11.10 SAMEVATTING

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die moontlike verbetering van leesprobleme deur voorligting te verskaf aan die ouers van leerlinge met leesprobleme. Die resultate wat uit die ondersoek verkry is, het binne die aanvaarde peil van betroubaarheid geval, waar die leesvertraagde leerlinge se leesvermoë verbeter het nadat hulle emosionele probleme verminder het. Die emosionele probleme het verminder nadat hulle ouers voorligting vir 'n tydperk van 'n jaar ontvang het. Na aanleiding van die verkreë resultate behoort voorligting by remediërende leesonderrig 'n meer prominente rol te verkry. Dit is baie duidelik, volgens hierdie ondersoek, dat remediërende leesonderrig op sigself sonder voorligting aan die ouers van leesvertraagde leerlinge, nie 'n baie doeltreffende metode is om leesverbetering en langtermynleesverbetering te bewerkstellig nie. Voorligting aan die ouers van leesvertraagde leerlinge behoort as 'n erkende metode van remediërende leesonderrig gereken

te word.

Volgens hierdie studie blyk dit ook baie duidelik dat te min erkenning aan die ouer se bekwaamheid as opvoeder, sielkundige en remediërende onderwyser verleen word. Die ouers het hulle indirek bewys as uitstekend geskik om leesverbetering te bewerkstellig - miskien meer geskik as enigiemand anders.

Die belangrike rol wat die huislike milieu in die kind se psigiese en opvoedkundige vorming speel, is weer eens onder die aandag gebring.

'n Besonder belangrike feit wat onder die aandag gekom het, is dat daar in die verlede te veel klem gelê is op die afwykings van die leesvertraagde leerling en dat daar uit die oog verloor is dat hulle "normale" kinders kan wees. Kinders met leesgebreke behoort minder beskou te word as kinders wat gedurigdeur probleme op skoolastiese gebied sal ondervind.

SUMMARY

INTRODUCTION

The inability to read well is an indication of discord in a child's life.

This discord may result from a variety of problems such as physiological, physical, educational, environmental and others. It may be due to interaction between some or all of these factors. All reading retarded children develop a certain imbalance in their lives.

From a study of the literature it appears clear that, in spite of remedial education in reading skills, weak readers remain weak readers.

PURPOSE OF THE STUDY

In establishing the purpose of this study one took the point of view that education is a positive conscious process deliberately undertaken to bring about a change in a reading retarded pupil.

THE AIM OF THE STUDY IS AS FOLLOWS

- 1) According to the literature personality may be viewed as an individual's most remarkable form of adjustment. The development of personality is an individual process in which the social environment influences people in different ways.

As a child's social environment expands during his various stages of development so a continuous interaction takes place between the developing child and his expanding environment such that certain motivational forces are strengthened while others are wea-

kened. New standards are set and the child is confronted with new problems and challenges. If the child has been suitably prepared to tackle and master the problems then his self-concept becomes clearer and stronger, but where the demands are too great for the child to cope with them one may encounter the development of psychological and psychosomatic problems which may in turn lead to serious reading problems.

The aim of this study is to establish the relationship between personality and reading retardation by means of evaluation and interview.

2. It appears from the literature that parents exercise great influence on the developing personality of the retarded children. It seems apparent that a good upbringing is a prerequisite of good reading skills. All children, reading retarded included, strive for the following basic needs:
 - a) the preservation of physical health;
 - b) the need for personal recognition and to be seen as a person of value and importance;
 - c) the need for security, love, affection, comfort and safety.

The reading retarded pupil has a strong drive for the fulfilment of these needs.

Should there be any disturbing factors in the family the pupil may develop certain problems which in turn may influence his emotional status. This may lead

to reading problems or aggravate existing reading problems.

This study has as its basis the hypothesis that the quality of the parent child relationship is the chief cause of reading retardation in pupils.

This study will attempt to show empirically the connection between parent child relationships and reading retardation, as well as establishing a healthy parent child relationship through counselling of parents of reading retarded children, without these children themselves receiving counselling.

According to the literature the majority of pupils with reading problems experience serious emotional problems which may be viewed as the primary cause or secondary result of reading retardation.

Emotional problems may be seen as the causal factor in auditory discrimination, intelligence problems such as subtest scatter, poor hand eye co-ordination, hyperactivity, laterality and directional problems, figure ground perceptual problems, personality problems and a poor self-concept which may affect the reading skills in various ways.

The purpose of the study is to reduce emotional problems in reading retarded pupils using only individual counselling of their parents.

4. The self-concept of a pupil includes three aspects i.e. : self-image ; the ideal self and self-

Daar kan derhalwe gekonstateer word dat met die ondersoek al die onderskeie doelstellings bereik is.

11.8 MOONTLIKE GEBREKE IN DIE ONDERSOEK

By 'n evaluering van die ondersoek en na aanleiding van die resultate van die empiriese gedeelte van die ondersoek, word op 'n aantal moontlike gebreke van die ondersoek gewys.

- 1) 'n Gebrek wat uit hierdie ondersoek blyk, is die feit dat die groepe slegs saamgestel is uit een deel van die bevolking, naamlik die hoë sosio-ekonomiese groep. Indien verteenwoordigende groepe uit die populasie saamgestel kon word, kon die resultate dalk heel anders daar uitgesien het, deurdat so 'n verteenwoordigende monster die resultate moontlik op verskeie wyses kon beïnvloed het. Kinders uit 'n swak kulturele omgewing kon moontlik so 'n swak taalvermoë hê dat dit moeilik sal wees om hulle leesvermoë op 'n hoër vlak te kry.
- 2) Indien daar van 'n meer verteenwoordigende monster van die bevolking gebruik gemaak word, kan die groepe vergroot word. Afstande en die tydsfaktor vir individuele voorligting aan die ouers sou hier egter groot probleme gelewer het.
- 3) Daar kon ook gebruik gemaak gewees het van 'n gevallestudie om individuele verskille te probeer vasstel. Dit kon die ondersoek doeltreffender gemaak het.

- 4) Om die werklike invloed van die langtermynvoordeel van die voorligtingsmetode en remediërende lees-onderrig vas te stel, behoort die tydperk vóór die derde evaluering veel langer as nege maande te wees.
- 5) Leerlinge met besliste breinbesering of -disfunksie kon ook by die drie groepe ingesluit gewees het.

11.9 AANBEVELINGS

Uit die teoretiese besinning wat in hierdie ondersoek gedoen is en op grond van die empiriese ondersoek wat daarop gevolg het, kan spesifieke aanbevelings gemaak word. Die implikasies van hierdie aanbevelings strek oor 'n besonder wye terrein - veral ten opsigte van die opvoedingsituasie by die huis en in die onderwys.

11.9.1 Aanbevelings ten opsigte van die huislike opvoedingsituasie

- 1) Vir die meeste beroëpe en professies is daar opleiding en/of studie nodig wat soms oor jare strek. Vir een van die allerbelangrikste beroëpe, naamlik dié van ouerskap en veral sy opvoedende taak, word egter aan bestaande en voornemende ouers min opleiding gebied. Hier word nie beweer dat geen ouer sonder opleiding sy taak suksesvol kan verrig nie, maar wel dat spesifieke opleiding in verband met die "beroep" of roeping om ouer te wees die ouer se taak kan vergemaklik. Dit behoort die taak van die Staat en v

the commencement of the study. The second took place a year after the first evaluation and during this period remedial teaching was given to groups B and C while the parents of groups A and B received counselling. The third evaluation took place nine months after the second evaluation and during this period none of the groups had received any remedial help.

With the exception of the intelligence tests applied at the commencement of the study, the following tests and questionnaires were applied to all of the pupils:

- i) the New South African Individual Scale;
- ii) the "Burt rearranged word recognition test";
- iii) the "Children's personality questionnaire";
- iv) "The Hutt adaptation of the Bender-Gestalt test";
- v) the "Draw a family" projective technique;
- vi) the "Bristol social adjustment guides. The child in the school";
- vii) the "Bristol social adjustment guides. The child in the family".

The following educational diagnoses were made after evaluation of the results of each of the evaluations and were then compared with one another:

- i) intelligence analysis;
- ii) reading age;
- iii) reading expectancy age;
- iv) reading expectancy quotient;
- v) chronological age;
- vi) reading quotient;
- vii) analysis of the tests and questionnaires;

viii) analysis of the scholastic progress.

ORTHOPEDAGOGIC AND ORTHODIDACTIC ASSISTANCE

The three groups received the following assistance:

Group A

The parents of group A were given individual counselling for a period of one year using the eclectic approach while the pupils were given no assistance at all.

Group B

The parents of group B were given individual counselling for one year while at the same time the pupils were afforded individual remedial reading assistance.

Group C

The parents of this group were given no guidance but the pupils did receive remedial assistance in reading for a period of one year.

Results

The reading ability of the children in group A (counselling group) showed greater improvement than that of the children in group C. This group (group C) having received only remedial assistance. The long-term reading improvement was also better in group A than it was in group C. These results may be accepted as being statistically 99% reliable.

According to these results individual counselling to parents of reading retarded children is a better remedial approach than remedial teaching given to the pupils themselves.

Individual counselling to parents coupled with remedial teaching to pupils is a better method than remedial teaching being used on its own.

It thus appears that too much reliance is placed on remedial teaching as a method of overcoming reading retardation.

According to this study it appears that a large number of reading retardation cases are due to emotional problems originating in the home environment.

A further assumption may be that many of the processes involved in reading skills are consciously or unconsciously blocked as a result of these emotional problems. In reality the pupil "refuses" to read presumably because he wishes to draw his parents' attention to himself. He thus uses the wrong tactics to attract this attention causing still more emotional disturbance and himself experiencing further emotional problems.

The pupils in the counselling group changed from a schizothymic personality to a cyclothymic personality while the pupils receiving remedial teaching remain schizothymic personalities.

The children of the counselling group developed a better abstracting ability than those who only received remedial teaching.

The counselling groups (groups A and B) became more adult emotionally than those in the remedial group (group C). This can presumably be ascribed to the changed attitude of the father.

As a result of counselling the parents were able to bring about a change in the child's attitude from one of irritability towards reading to one of receptiveness. The remedial group remained irritable.

The children in the remedial group showed a marked correlation with femininity while the counselling group did not.

The children in the two counselling groups showed a low level of tension and were more relaxed, restful, unfrustrated and calm than they were before the commencement of the study. The remedial group continued showing a tendency towards a high level of tension.

As a result of the counselling given the parents, the children in the counselling groups were able to overcome their perceptual problems. These perceptual problems, it is presumed, were largely of an emotional nature. Generally speaking the children in these groups were also able to eliminate psychological blocking. Children in the remedial group continued to experience perceptual problems.

The children in the counselling groups showed a greater reduction of aggression, uncertainty and helplessness than those in the remedial group.

The children in the counselling groups no longer withdrew from situations. They made use of initiative and found it easy to respond to a stimulus. Depressiveness was largely eliminated.

The hostile feelings of the children in the counselling groups towards their parents were greatly reduced while children in the remedial group continued to show strong signs of hostility towards their parents. It also appeared that the mothers of the children in the counselling groups found their children more acceptable than the mothers of the remedial group children.

Psychosomatic problems such as enuresis, headache, chronic pain poor co-ordination and poor speech were much more reduced in children in the counselling groups than in those in the remedial group.

There was more general improvement in academic achievement in children in the counselling groups while children in the remedial group showed far less improvement academically.

Thus the inarguable conclusion may be drawn that individual counselling to parents is a successful method of remedying reading retardation in children.